2009 AJV oorsig

Bron: Webredakteur
Datum: 25 Februarie 2009

Die jaar 2008 - wat ook die 25ste herdenking van die stigting van die SA Boerboelvereniging was - sal as ‘n keerpunt in die geskiedenis van die Vereniging opgeteken word.

Dit het duidelik geblyk tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) wat op 21 Februarie in Pretoria gehou is. Vir die eerste keer in baie jare, het besprekings op die bevordering en veredeling van die Boerboel - die stigtingsbeginsels van die SABT - gefokus.

SABT Grondwet

Die enigste mensekwessies op die Sakelys was die terugvoer van die Raad op grondwetlike veranderinge wat tydens die informele ledevergadering in Februarie 2008 voorgestel is. Die voorsiening wat voorheen vir lewenslange erelede gemaak is, is geskrap omdat lede van mening is dat die SABT se funksie is om die Boerboel te dien en nie mense te vereer nie.

Die Raad het besluit om die *status quo* te handhaaf ten opsigte van die ander twee voorstelle vir grondwetlike veranderinge, nl. die verkleining van die Raad en die verkiesing van Raadslede vir die onderskeie streke op streeksvlak. Die Raad glo dat die eerste voorstel nie prakties is nie, inaggenome die demografiese profiel van die lidmaatskap. Hulle het wel die beginsel van streeksverkiesings aanvaar, maar is voornemens om die proses in ‘n bylaag tot die Grondwet te omskryf. Die Raad is egter versoek om die wenslikheid vir die formele omskrywing van die verkiesingsproses op streekvlak in die Grondwet te heroorweeg.

Komiteeverslae

Skou- en Bemarkingskomitee

Die ses streekskoue was baie gewild en nie minder nie as 362 honde van regoor die land het daaraan deelgeneem. Hierdie skoue het gekulmineer in die Wêreld Boerboel Skou, waaraan 124 honde deelgeneem het. Die Raad het belowe dat die 2009-skoue nog beter gaan wees. Die nuwe Skoukomitee sal by die eerste Raadsvergadering aangewys word en die mandaat hê om onmiddellik met hulle werksaamhede te begin, nadat deeglike oorweging geskenk is aan die positiewe en negatiewe lesse wat uit vorige skoue geleer is.

Rasstandaard- en Keuringskomitee

Gedurende 2008 het die SABT 900 honde in 48 sentra in Suid-Afrika, Europa, Noord-Amerika en Afrika gekeur - 12% meer as in 2007.

‘n Werksessie is in Julie vir al die keurders en Raadslede aangebied om hulle vaardighede op te skerp en eenvormigheid in keuringstandaarde te verseker. Te oordeel aan die positiewe terugvoer van keurders, sowel as telers, is dit duidelik dat daar ‘n groot behoefte aan gereelde opknappings- en telerskursusse is.

Lede het aangedui dat hulle meer inligting oor keuringskriteria nodig het, veral ten opsigte van die minimum- en maksimum hoogtes van honde. Die aangeleentheid sal by ‘n toekomstige opleidingskursus bespreek word en die uitslag sal gepubliseer word. Die vergadering het ook saamgestem dat organiseerders in die toekoms by elke keurdag ‘n oorsig van keuringskriteria gee voordat die keurings begin.

Genetikakomitee

Die Ontwikkelingsregister is op versoek van lede heropen. Die kriteria is redelik streng omdat die SABT voornemens is om die vergroting van die genepoel op ‘n verantwoordelike wyse te bestuur. Die kriteria is:

(i) Waar die hond se dokumentasie onvolledig/afwesig is, sal die Uitvoerende Komitee die eienaar se aansoek op meriete oorweeg.
(ii) Indien die hond ’n minimum van 80% behaal, word hy/sy in die Ontwikkelingsregister opgeneem.
(iii) Hy/sy se eerste nageslag sal in die Ontwikkelingsregister opgeneem word indien hulle ’n minimum van 80% behaal.
(iv) Hy/sy se tweede nageslag kan in die Ontwikkelingsregister bly indien hulle ’n minimum van 80% behaal.
(v) Wanneer hy/sy se derde nageslag ’n minimum van 85% behaal, kan hulle in die Registrasieregister opgeneem word. Indien nie, bly hulle in die Ontwikkelingsregister.

Die SABT het ook ‘n verklaring oor die status van die Swart Boerboel uitgereik wat dit stel dat swart nie as een van die drie erkende kleure - bruin, geel en briekwa - beskou word nie, maar as ‘n variasie van briekwa.

Ander sake wat bespreek is, het ingesluit: planne deur die Raad om nageslagprestasietoetsing in te stel na toepaslike ontwikkeling van die databasis en aansporings om lede te motiveer om vrywillig gesondheidsinligting oor byvoorbeeld heupdisplasie en vaginale hiperplasie in te dien.

Finansies- en Administrasiekomitee

Die 2008-SABT finansiële jaar is met voorraad ter waarde van R85 000 en R300 00 kontant op hande afgesluit. Tariewe is in 2006 laas verhoog. Die Raad het die 2009-verhogings in ledegeld en geboorteregistrasies gemotiveer as noodsaaklik vir die voortbestaan van die SABT in moeilike ekonomiese tye. Die Vereniging het gedurende 2008 aansienlike bedrae bestee, wat as beleggings tot direkte voordeel van lede en die Boerboelras beskou is. Dit het ongetwyfeld tot die wêreldwye styging in pryse en aanvraag bygedra.

Lede het die beginsel aanvaar dat ‘n lede-organisasie deur middel van ledebydraes lewensvatbaar gehou moet word, maar het voorgestel dat ander inkomstebronne ontgin word en dat ‘n spesiale komitee vir die doel aangewys word.

Voorsittersverslag (Volledige verslag)

Die Voorsitter het sy verslag ingelei deur hulde te bring aan drie lede wat gedurende 2008 oorlede is: Jan Heymans - Bonanza Boerboele; Brink Botha - Ultra Boerboele; en Anthea Turner van Wallis.

Ten spyte van die breuk in die Boerboelgemeenskap, het die persentasie opbetaalde lede met 20% toegeneem, en het 150 nuwe lede by die SABT in Suid-Afrika aangesluit.

Prioriteite vir 2009 sluit in: beter dienslewering aan, en kommunikasie met lede - plaaslik en in die buiteland; voortgesette bevordering van die openbare beeld van die Boerboelras; voortgesette opleiding en ontwikkeling van keurders; verbetering van die funksionaliteit van, en ledetoegang tot komitees; en beter samewerking en verhoudings met ander Boerboelorganisasies.

EBBASA

Die SABT het samesprekings met EBBASA hervat met die oog op eenwording van die twee organisasies. EBBASA het egter sedertdien laat weet dat hulle op sekere vlakke – soos skoue en keurings – wil saamwerk, maar hulle in hierdie stadium nie tot eenwording kan verbind nie.

Lede was teleurgestel dat geen werklike vordering sedert die eerste gesprekke in 2005 gemaak is nie. Hulle het die SABT se verbintenis tot eenheid in die Boerboelgemeenskap herbevestig, op voorwaarde dat alle partye die saak met dieselfde erns benader en dat onderhandelinge op wesenlike kwessies fokus.

Boerboelpersoonlikheid van die jaar 2008

Die toekenning is postuum aan Brink Botha gemaak: Dit is as volg deur Domien en Marianne Coppelmans van Nederland gemotiveer: ‘Ons inziens, komt hem deze eer postuum toe, daar hij altijd op een eerlijke en oprechte manier met de Boerboel bezig is geweest. En zéér trouw was aan de SABT, ook in moeilijke tijden.’

2009 SABT Raad

Frans du Toit	Voorsitter	M 082 927 0021	fransdutoit@sabt.co.za
Anemarí Pretorius	Ondervoorsitter	M 082 870 2610	anemari@cybersmart.co.za
Dolph Carstens	Europa	T 0994 419 375 57804	dolphcarstens@btinternet.com
Shirley Hagler	Noord-Amerika	P & F: 091 386 3971172	office@sabt-usa.org
Clint Gouws	Vrystaat	M 073 769 2711	gouwscg@fshealth.gov.za
Willem Janson	Mpumalanga	M 082 450 9283	willemj@bundulodge.co.za
Marius Kotzé	Limpopo	M 084 620 3008	boerboels@vodamail.co.za
Aldu le Grange	Wes-Kaap	M 083 462 0817	algrange@ct.stormnet.co.za
Albert van der Linde	Noordwes	M 082 787 1729	treblaboerboele@gmail.com
Alan Pittam	KwaZulu-Natal	M 083 461 5057	alan@tuffaboerboels.co.za
Frans van der Merwe	Noord-Kaap	M 082 450 5423 (n/u)	fjvdm@hantam.co.za
Johan van Wyk	Afrika	M 082 890 8887	graslandboerboel@mweb.co.za
Piet Visser	Gauteng	M 083 336 5488	pietvisser@eject.co.za
Mike Wiese	Oos-Kaap	M 083 604 8141	wiesenhofboerboele@webmail.co.za